

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Die vrae in hierdie vraestel is gebaseer op die 1:50 000 SA topografiese kaart 3319CB Worcester en die 1:10 000 SA ortofotokaart 3319CB15, wat 'n gedeelte van die gekarteerde gebied is.
3. Vul jou eksamennommer sowel as die sentrumnummer in die spasies in wat op die VOORBLAD van die vraestel voorsien is.
4. Beantwoord AL die vrae OP hierdie vraestel.
5. Gebruik die LAASTE bladsy van hierdie vraestel vir ALLE rofwerk.
6. Sommige vrae kan slegs beantwoord word indien die topografiese kaart en die ortofotokaart saam bestudeer word.
7. Na voltooiing van hierdie vraestel moet die vraestel, sowel as die topografiese kaart en die ortofotokaart, aan die toesighouer terugbesorg word. Die kaarte word die eiendom van die skool.
8. 'n Woordelys van sommige Afrikaanse en Engelse woorde en hul vertalings verskyn op die volgende bladsy.

WOORDELYS


Afrikaans

Begraafplaas
Uitgrawings
Golfbaan
Hospitaal
Rioolwerke
Skougronde
Skietbaan

English

Cemetery
Diggings
Golf course
Hospital
Sewage works
Showgrounds
Rifle range

LIGGING VAN WORCESTER IN SUID-AFRIKA



AFDELING A**VRAAG 1: MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

Verwys na die 1:50 000 topografiese kaart 3319CB en die 1:10 000 ortofotokaart 3319CB15 van Worcester (aangeheg) om die volgende vrae te beantwoord.

Verskeie moontlike opsies word as antwoorde vir die volgende vrae/stellings gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (1.1 – 1.10) in die blokkie wat aan die regterkant van die bladsy voorsien is, neer.

1.1 Die gemiddelde jaarlikse verandering in die magnetiese deklinasie op die topografiese kaart is ...

- A 2' ooswaarts.
- B 23°12' wes.
- C 2' weswaarts.
- D 23°12' oos.

1.2 Die kontoerinterval op die topografiese kaart is ... meter.

- A 20
- B 10
- C 50
- D 60

1.3 Die twee tipes skale op die topografiese kaart getoon, is 'n ...

- A verhoudingskaal en 'n woordskaal.
- B Richterskaal en 'n lynskaal.
- C woordskaal en 'n lynskaal.
- D lynskaal en 'n verhoudingskaal.

1.4 Die fisiese kenmerk by J (ruit A6) op die topografiese kaart is 'n ...

- A mesa.
- B butte.
- C spitskop.
- D plato.

1.5 Watter primêre ekonomiese aktiwiteit kom by K op die ortofotokaart voor?

- A Boorde en wingerde
- B Mynbou
- C Visserij
- D Uitgrawings

- 1.6 Die ortofotonommer 3319 verwys na ...
- A lengtegraad en kontoerlyne.
 - B kontoerlyne en isobare.
 - C breedtegraad en kontoerlyne.
 - D breedte- en lengtegraad.
- 1.7 Watter ontspanningsfasiliteit kom by 33°39'45"S en 19°25'45"O op die topografiese kaart voor?
- A Gholfbaan
 - B Perdryklub
 - C Karavaanpark
 - D Modelvliegtuigklub
- 1.8 Die mensgemaakte kenmerk wat by L (ruit C4/5) op die topografiese kaart voorkom, is 'n ...
- A reservoir.
 - B dam.
 - C rioolafvalwerke.
 - D meer.
- 1.9 By M op die ortofotokaart is die grondgebruik vir 'n ...
- A park.
 - B hospitaal.
 - C skool.
 - D nywerheid.
- 1.10 Die tipe pad gemerk N op die ortofotokaart is 'n ... pad.
- A ander
 - B nasionale
 - C sekondêre
 - D hoof-

TOTAAL AFDELING A: (10 x 2) 20

AFDELING B**VRAAG 2: KAARTWERKTEGNIKE EN BEREKENINGS**

- 2.1 Bereken die gemiddelde gradiënt vanaf punthoogte • 212 by P (ruit E12) na trigonometriese stasie 207 (ruit C8).

(5)

- 2.2 Bereken die magnetiese deklinasie vir die jaar 2007. Toon AL die berekenings.

(5)

- 2.3 Bereken die oppervlakte, in vierklante kilometer (km^2), van ruit G8 op die topografiese kaart.

(5)

- 2.4 Bereken die vertikale oordrywing van 'n dwarsdeursnit. Die vertikale skaal is soos volg: 1 cm is gelyk aan 40 m, die horisontale skaal is 1:50 000.

Toon AL die berekenings.

(5)

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C

VRAAG 3: RELIËF EN DREINERING

- 3.1 Identifiseer die volgende fisiese kenmerke op die topografiese kaart:

P (ruit E7): _____

Q (ruit D5): _____

R (ruit G10): _____

(3 x 2) (6)

- 3.2 Gee TWEE fisiese faktore wat die ligging van die Brandvleidam bevoordeel.

(2 x 2) (4)

- 3.3 In watter algemene rigting vloeï die Breërivier? Gee TWEE redes vir jou antwoord.

Antwoord: _____
(1 x 2) (2)

Redes: _____

(2 x 2) (4)

- 3.4 Identifiseer die dreineringspatroon wat met die kenmerk Voorsorgsberg (ruit H6) geassosieer word.

(1 x 2) (2)

- 3.5 Stel EEN fisiese faktor voor wat die uitbreiding van Worcester noordwaarts verhinder.

(1 x 2) (2)

TOTAAL AFDELING C: 20

AFDELING D

VRAAG 4: NEDERSETTING EN EKONOMIESE AKTIWITEITE

- 4.1 Die woongebied Van Riebeeckpark, S op die ortofotokaart, toon kenmerke van 'n hoë-inkomste-woongebied. Gee DRIE redes wat hierdie stelling staaf.

(3 x 2) (6)

- 4.2 4.2.1 Identifiseer die stedelike funksionele sone op die topografiese kaart
waar die rioolwerke (ruit D/E 10) geleë is.
-
- (1 x 2) (2)
- 4.2.2 Gee TWEE redes waarom dit hier geleë is.
-
-
- (2 x 2) (4)
- 4.3 Noem TWEE voordele van die grondgebruik gemerk M op die ortofotokaart.
-
-
- (2 x 2) (4)
- 4.4 Die nywerheidsgebied van Worcester (ruit C10) het 'n ideale (baie goeie)
ligging. Noem en verduidelik DRIE faktore wat die ligging beïnvloed het.
-
-
-
-
-
-
- (3 x 2) (6)
- 4.5 Identifiseer die tipe straatpatroon wat in die SSK van Worcester voorkom.
-
- (1 x 2) (2)

- 4.6 Worcester geniet 'n uitstekende ligging as poortdorp. Met verwysing na hierdie stelling:

4.6.1 Verduidelik die betekenis van die term *poortdorp*.

(1 x 2) (2)

4.6.2 Noem TWEE voordele van 'n poortdorp.

(2 x 2) (4)

- 4.7 Omgewingsvernietiging het in C12 op die topografiese kaart plaasgevind. Noem die tipe primêre aktiwiteit wat vir hierdie skade verantwoordelik is.

(1 x 2) (2)

- 4.8 Vrugteboerdery is 'n belangrike ekonomiese aktiwiteit in Worcester. Noem en verduidelik enige TWEE faktore wat hierdie aktiwiteit in hierdie gebied bevoordeel.

(2 x 2) (4)

- 4.9 Stel TWEE redes voor vir die noordwes – suidoos-ligging van die aanloopbane van die vliegveld van Worcester.

(2 x 2) (4)

TOTAAL AFDELING D: 40
GROOTTOTAAL: 100